
REëNIE 2014 NUUSBRIEF 4




# Desember 2012

vlnr: Andre, Mariana, Johanna, Theo, Elize, Ina





## sTAaLtJiEs – het jy geweet / het jy dit beleef / onthou jy

Marianne Rossouw Meyer (1)

Proppies het regtig sit en luister wanneer hy so toe oë in die kerk gesit het.




Wanneer jy in die kerk was, moes jy baie seker maak dat jy na elke woord luister want hy was lief daarvoor om jou onder kruisverhoor te neem as hy weet jy was ook daar.



Marianne Rossouw Meyer (2)


Ek onthou nog dat as Miss Meyer in die klas inkom en sy vang jou besig met iets regtig dom of "stupid" dan het sy altyd op jou geskree "I'll knock your block (kop) off and put a cabbage on". Nodeloos om te sê, maande later vind ek in 'n gesondheidstydskrif 'n prentjie van 'n meisie met 'n kropslaai in die plek van haar kop. Ek knip die toe uit en plak dit voor op my Engelse opstelboek. "She was not amused".

Marianne Rossouw Meyer (3)

Ek onthou ook dat Miss Meyer die seuns met daai bloedrooi lipstiek van haar op die voorkop of wang gesoen het as hulle stout was of iets doms aangevang het en dan mag hulle dit nie afgevee het nie.

Marianne Rossouw Meyer (4)

Hierdie een kan jy seker ook nie publiseer nie. Tensy ons mag vloek. In st 6, in die Duitse klas, moes ek eendag uit ons voorgeskrewe boek voorlees. (Ek kon nie en het nog nooit voorheen Duits gepraat nie.) "Der man schIESS der hund tot". Ek lees toe per ongeluk "Der man schEIss der hund tot" (Ek was ADHD met so effe disleksia). Nou ja, die Duitse kinders in die klas was slap gelag en ek was bloedrooi. St 6 was dan ook die laaste jaar dat ek Duits geneem het. Ek het daar en dan besluit tale is nie my sterk punt nie.



## Neels Coetzee (Cornelius/Rampie) 1





In die wetenskapklas was daar 'n Van der Graaff-ontwikkelaar. Die ding bou mos lekker statiese elektrisiteit op. Dit is gereeld aangeskakel as mnr Linow uit die klas was. Sou hy dan daar verby loop en te naby kom, het die ding hom geskok. Hy het later altyd ver om die Van der Graaff geloop.



Ons het ook almal ingeskryf op 'n tydskrif bekend as *Archimedes* wat party keer heel interessante formules in gehad het. Ons het die formule vir touch powder gekry. Ek kan nie meer onthou wat dit is nie maar dit was so iets soos swaelsuur en jodium . DIt is dan tydens die eksperimente wat ons moes doen so op die kantlyn aangemaak. Die vloeistof het kristalle gevorm wanneer dit droog geword het. Die poeier maak dan 'n klap geluid as dit gegooi word of as daar wrywing plaasvind Ek sien die kinders koop dit vandag nog en gooi dit op die grond . Dit is seker maar net 'n meer stabiele weergawe van wat ons gemaak het. Die vloeistof en/of poeier word dan op jou slagoffer se tandeborsel gesit of op die toiletsitplekke in die kleedkamers of op 'n deurhandvatsel.

Mnr Linow het ons gevang met ons mengsel en het dit uitgegooi op die grond voor die wetenskaplaboratorium. Hy het nie geweet wat dit is nie. Ek en Diederik Opperman het net gesê dat ons so bietjie geëksperimenteer het uit die *Archimedes*. Hy het seker ook nie verwag dat Diederik so iets onverantwoordeliks sal doen nie. Pouse het aangebreek en ons is almal uit die klas uit. Mnr Linow het na ons uit die klas gekom.

Teen daardie tyd het die mengsel reeds goed droog geword en hy het daarop getrap met die aftrapslag van die stoep af. Die skoot wat afgegaan het, was nogal oorverdowend en het hy gevries in sy spore. Vir een oomblik het hy seker nie geweet of hy lewendig of wat was nie. Hy het doodstil gevries gestaan.

Mnr Linow het ook een keer te veel fosfor in 'n eksperiment op water gegooi. Die stukkie fosfor het heen en weer gehardloop al brandend op die water . Die volgende oomblik was daar 'n moerse knal en die glasbak en fosfor het ontplof. Linow se gesig was swart en die Duitse taalgebruik was nie in die woordeboek vervat nie. Die klas was doodstil en ons het almal heel grootoog die ding aanskou - spraakloos van skok en verbasing.

## Neels Coetzee (Cornelius/Rampie) 2



'n Ander voorval was Duits wat gegee was deur Kaffer Neethling se vrou. Sy het die gewoonte gehad dat as daar in die klas geëet word om die kos af te vat en dit dan self te eet veral as dit nou so iets soos biltong, droëwors of lekkers was. Lappies het die betrokke dag so lekker stuk koedoebiltong gehad en dit is afgeneem. Vir 'n honger st 6 seun is dit fataal en daar is wraak gesweer.

Vanweë sy uitstekende werkrekord by Springer is daar 'n box vars sjokolade bekom met 'n verskeidenheid van likeurvulsels in. Die bodems is toe netjies verwyder en Brooklax wat gesmelt is, is agter op die individuele sjokolades gegiet. Die gedokterdes en ongedokterdes is toe herverpak. Dit het net soos die oorspronklikes gelyk. Maandag in die Duitse klas het onse vriend weer eens lekker gesmul aan sjokolade wat nie gedokter was nie. Die box is soos normaalweg gekonfiskeer. Daar was vir so paar dae die res van die week nie Duits aangebied nie.

Ons kan seker maar net vermoed dat die likeur die blaam gekry het. Dit was nogal opmerklik dat daar nie weer in die betrokke klas kos afgeneem was nie, veral nie van Lappies af nie.

## Neels Coetzee (Cornelius/Rampie) 3



Ek kan nie so mooi onthou nie maar in 1973 of 1974 was daar 'n toneelopvoering . Lukas, wie se van ek nie kan onthou nie, het die rol van die vampier gespeel. Dit was nog in die ou saal opgevoer so ek aanvaar dit was in 1973. Die toneel was aangrypend en op 'n stadium het Lukas met sy mantel in die gehoor ingespring. 'n Hele paar van die meisies se senuwees het dit nie gehou nie. Na die toneelopvoering moes die



koshuismeisies berg op met die trappe terug koshuis toe. Ek en nog so twee van die ouens, ek sal liewer nie hulle name noem nie, het so driekwart teen die trappe op gaan wegkruip in die bosse. Die dames en onderwysers wat hulle vergesel het, het in die donker teen die trappe opgekom. Ons het uitgespring met onaardse geluide en wapperende baadjies .....

Ja wel, die gevolg was dat die hele spul toe met karre opgelaai is en van die skool terug na die koshuis gery moes word. Ter nabetragting is dit nogal 'n wonderwerk dat daar nie arms en bene gebreek was met die snelle terugtog na die skool nie. Ek weet net die gille en geskreeu was nogal heel oorverdowend en die afgaan was aansienlik minder georden as die opgaan. Die trappe is mos maar smal.

Neels Coetzee
(Cornelius/Rampie) 4

Tommy Collard was **lief** vir slange en ek en hy het heelwat ure saam in die museum deurgebring. Ben Horn was op skool reeds groter as die meeste van ons. Ondanks sy grootte was hy vrekbang vir slange en sulke goed gewees. Op 'n dag het Tommy 'n onskadelike bruin huisslang gehad.



Tydens die langpouse het Tommy die slang vir die ouens gewys en onverwags gemaak of hy die slang na Ben gooi. Ben het begin weghardloop al met die gang af. Tommy was agterna. Ek kan nie onthou wie se klas dit was nie, maar dit was die klas langs die trappe waar die ou snoepie was.



Die deur was toe en gehardloop in die klas Ben het letterlik en figuurlik die deur uit sy skarniere in om van die slang weg te kom. Daar het nie veel van die insident gekom nie, maar ek het die daardie dag besef hoe geweldig sterk Ben is al het hy so sagte hart gehad en wat vrees aan 'n mens kan doen. Tommy en Ben is so ver ek weet vandag nog vriende.



**Agter VLNR**:
Johanna Lessing Golden
Marianne Rossouw Meyer
**Voor VLNR**: Magda Lomas
Mariana Gerber Viljoen
Helena Maas J van Rensburg
(Okt 2012)



Willa Smit Oosthuizen
Marie Grosskopf Profitt
(Sept 2012)



Marie Grosskopf Profitt
Dennis Profitt
(Sept 2012)

ETE VIR NAMIBIËRS

30 APRIL 2013



Mariana

Mariana sal die reëlings tref.
Dit sal op hierdie stadium by Arebbusch wees.
Die spyskaart van Arebbusch sal met die 'uitnodigings' (wat 'n e-pos sal wees), uitgestuur word.



# Cesco's Midrand, 10 Nov 2012



9 Almal




1 Mariana, Japie. en Willa



7 Ronnie en Mariana



6 Willa en Leon



3 Diana en Anton



2 Cobus, Diana, Mariana, Willa
Japie, Marlene




5 Marlene en Marius



8 Cobus, Diana, Mariana, Willa
Japie, Marlene



4 Daleen en Cobus



10 Sarena en Japie

## ADRESSE / GEGEWENS ONBEKEND

**Kontakbesonderhede van die volgende leerlinge word gesoek:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10A | Eddie Scott<br>Alice Hugo | Rachelle Roos<br>Andre Koorts | Ben Swanepoel<br>Karel vd Bank | Elsa Esterhuizen |
| 10B | B Schalk Jacobs<br>Roelof du Toit<br>Eric Kuhn | Magda Poppie vd Berg<br>Jacob Gous | Myndert Blom<br>Nico Grobbelaar | Barbara Neumeister<br>Manfred Binding |
| 10C | Johanna Brits<br>Lorraine Labuschagne<br>Anne-Marie van Heerden | Iris von Hatten<br>Renate Moroff<br>Albert Mostert | Frances Spiegel<br>Jeane Brunette<br>Heidi Keet | Susan Schrader<br>Elsa Bosman |
| 10D | Ben van Rhyn<br>Lorna van Wyk<br>Maria vd Merwe | Rudolph van Aarde<br>Rina Oosthuizen | Rita Grobler<br>Marietjie Botes | Magdalena le Roux<br>Sonja Ueberruck |
| 10E | Stephan van Rensburg | Hennie Harmse | Elke Bender | Marlien Wiese |
| 10F | Andre Hauptfleisch<br>Elmarie Wickens | Peter Rohr<br>Christo v Mollendorf | Janette Oosthuizen<br>Deon Lindstrom | |

**(Diegene in die donker kleur is opgespoor of inligting is ontvang)**

## REëLINGSKOMITEE

**Mariana Gerber Viljoen**
(Centurion)
marianav@provectus.co.za

Reünie 2014
Inligting van leerlinge/onderwysers byhou
Respons op vraelyste byhou
Nuusbrief
Musiek
Navrae
Verwerking van nuwe inligting

**Theo vd Meer**
(Windhoek)
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com

Inligting van leerlinge/onderwysers byhou
Nuusbrief
Foto's en cd
Finansies (rekening is in Windhoek oopgemaak)
Musiek
Navrae
Verwerking van nuwe inligting


## STREEKREüNIES (mini-reünies)

**Mariana Gerber Viljoen**
(Centurion)
marianav@provectus.co.za

Gauteng
Mpumalanga
Limpopo
Noordwes

**Johanna Lessing Golden**
(Durbanville, Kaapstad)
johannam.golden@gmail.com

Noord-, Oos-, Wes- en Suid-Kaap



**Elize Opperman Cline**
(Windhoek)
ecline@ombudsman.org.na

Namibië






## EREDIENS


**André Louw**
(Windhoek)
andrelo@iway.na

## FINANSIES

**Theo vd Meer**
(Windhoek)
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com

Donasies/skenkings Donasies/skenkings
sal waardeer word sal waardeer word

**Bank Windhoek**
**Naam van rekening**: TI van der Meer (WHS Reunie)
**Posbus 20391 Windhoek Namibia**
**Rek no 8003 189 591**
**Tjekrekening (CHK)**
**Takkode 483-872**
**Tak Maerua Mall**
**Windhoek**



Donasies/skenkings Donasies/skenkings
sal waardeer word sal waardeer word

Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.
Stuur dit asb aan Marianav@provectus.co.za



## LIEDJIES

| | |
|---|---|
| You can cry if you want to | Troggs |
| Song Sung Blue | Neil Diamond |
| When Julie Comes Around | Cufflinks |
| Understanding | Peanut Butter Conspiracy |
| The Seagull's Name was Nelson | Des & Dawn Lindberg |
| Sylvia's Mother | Dr Hook & the Medicine Show |
| How do you Do | Rising Sons |
| Crimson & Clover | Tommy James and the Shondells |
| Carol Ok | Chris Andrews |
| Brand New Key | Melanie |



# GELUKWENSE STEEDS WELKOM....




## Spesiale Prys vir die Blou Bul Rugby Unie....

